

### **Die heilige God is ons God**

**T**wee fasette van God se wese staan duidelik in Psalm 99 uit: Hy is die heilige God, maar Hy is ook 'n Verbondsgod.

Hy is die heilige God: Die volke rondom Israel, Israel se vyande, erken die God van Israel se gesag met vrees en bewing en die hele aarde sidder van ontsag vir Hom, want Hy is heilig. Hy is hoog verhewe bo al die volke. Ook Israel moet Hom met ontsag aanbid waar Hy in Sion, in die allerheiligste, oor die gerubs van sy verbondsark troon. Psalm 99 is een van die sogenaamde koningspsalms waarin die HERE as Koning besing word. Sy troon is in sy tempel vanwaar Hy as die heilige God oor al die volke regeer. Oor hierdie God kan geen mens uitgejubel raak nie. Daarvoor is Hy te groot en te heilig. So bid ons ook in die *Ons Vader*-gebed: "Ons Vader wat in die hemel is, laat U naam geheilig word." Daar is afstand tussen Hom en ons.

Daar is egter ook nabyheid, want Hy, die heilige God, is ook "ons God" (vs 8). Hy is ook 'n Verbondsgod wat intiem aan sy volk verbind is. Hierdie God wat in heiligheid omsluit is, het homself aan ons geopenbaar in Jesus Christus en Hy is deur sy Heilige Gees elke dag by ons.

Hy, die heilige God, is ook vandag by jou. Glo dit met jou hele hart: in jou eensaamheid, in jou swaarkry, in jou hartseer. In jou worsteling is Hy by jou. Moet nooit hieraan twyfel nie. As jy dit glo is geen beproewing te swaar en geen opdraand te steil nie. Die heilige God is jou God. Mag dit jou sterk maak vir jou dagtaak vandag. Hy is die getroue Verbondsgod.

*Sing: Psalm 99:1-5 (Totius)*

*Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem)*